

Sing vooraf staande: Psalm 139:1, 12 (p. 674)

- 1 Daar 's niks voor U bedek, o HEER! / U skou uit ewige dieptes neer
en sien my hart en wandel aan: / al wat ek doen, my sit en staan,
of wat in my diep weggesink het – / U weet al wat my hart bedink het.
- 12 Deurgrond, o Heer, en ken die swart, / verborge dieptes van my hart;
of diep in my, waar U kan lees, / 'n skadelike weg mog wees.
En lei voortaan my wank'le skrede / tog op die weg van ewige vrede.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 48:1, 4 (p. 243)

- 1 Die HEER is groot waar Sions top / hom wentel uit die dieptes op.
Hy is lofwaardig, waar verhewe / die berg en stad in songlans bewe,
en Sion teen die noorde / blink, bó die lof van woorde.
Daar waar in vlekkelose wit / die Koning van die wêreld sit,
het Hy, wat een die vyand waak, / as rotsburg Hom bekend gemaak.
- 4 Ons wil, o HEER, wat redding skenk, / aan al u goedheid bly gedenk
as ons tesaam is in u woning. / Net soos u Naam is, grote Koning,
so is u glansverskyning: / die vyand se verdwyning
word aan die volkere bekend / tot by die aard' se verste end.
U hand wat nooit die kwaad gedoog, / rys vol geregtigheid omhoog.

Gebed

Psalm 116:1, 2, 3 (p. 569)

- 1 God het ek lief, want die getroue HEER / hoor na my stem uit vrye welbehae;
ek roep Hom aan in al my lewensdae, / Hy skenk my hulp, Hy red my, keer op keer.
- 2 Om my was bande en strikke van die dood; / en angste van die hel het my laat bewe;
ek was benoud, vol droefheid was my lewe; / maar 'k het die HEER gesmeek in al my nood:
- 3 "Ag, red my, HEER, na u beloftenis!" / Toe 't God gehoor; Hy is my lofsang waardig;
Hy is die HEER wat goed is en regvaardig, / en vir sy volk groot van ontferming is.

Skriflesing: Nehemia 5:1-19

Kernverse: Nehemia 5:9

Toe sê ek verder: "Dit is nie 'n goeie ding wat julle besig is om te doen nie. Julle moet tog eerbied vir ons God hê in julle optrede en nie ons vyande, die heidene, minagting vir ons laat kry nie.
(Nehemia 5:9 AFR83)

Tema: Dien God met vrees en in alle opregtheid

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, wanneer 'n mens jouself aan die Here die God van hemel en aarde toewy om Hom met jou hele hart, jou hele siel en al jou kragte te dien, sal jy met allerhande aanslae van buite af te doen kry. Vanuit die eerste hoofstukke van Nehemia het ons gesien hoe die een aanslag na die ander geloods is sodat die Jode nie die mure van Jerusalem moes herbou nie.

Elkeen van ons kan ook getuig van die aanslae wat ons van buite af beleef wat ons wil verhinder om die Here voluit – met alles wat ons is en het – te dien. Dit is dan makliker om jouself met die krag van die Heilige Gees teen hierdie aanslae van buite af te staal as om op jou eie kragte staat te maak. Dit is maklik om hierdie aanslae van buite af as die werk van die duiwel te herken. Die duiwel is buitendien ons en God se vyand teen wie ons met 'n vrye gewete kan stry. Die Here beloof immers ook sy krag en bystand in die stryd teen die bose magte van buite af.

Maar nou weet ons al dat die Heilige Gees nie vir ons mooi prentjies van gelowiges in die Bybel skilder nie. Die volk van die Here word nie as engeltjies aan ons voorgehou nie. In ons hoofstuk vanaand konfronteer die Heilige Gees ons met daardie onreg en oneerlikheid wat soos 'n adder binne die vestingmure van Jerusalem nog skuil. Die hindernisse en aanslae teen ons volkome diens aan die Here is ook aan die binnekant – in ons eie hart, in ons eie gesin, in ons eie dorp en land, en kan ook in hierdie geloofsgemeenskap wees.

Terwyl die bouery aan die mure van Jerusalem te midde van al die aanslae van buite aan die gang is, het Nehemia-hulle met nog 'n aanslag te doen gekry. Dit is nou 'n aanslag van binne die mure van Jerusalem af. Dit is 'n aanslag wat dreig om alles wat gedoen word uitmekaar te skeur. Maar nog erger, dit is 'n aanslag wat dreig om die eer van God binne-in die mure van Jerusalem in die stof te vertrap.

Daar het drie baie ernstige klagtes van sekere mense, en veral van hulle vrouens, af gekom. Hierdie klagtes verwoord die onreg wat sommige van die Jode hulle eie volksgenote aandoen. Dit is 'n onreg wat ondraaglike spanning meegebring het. En as daar nie werk van hierdie klagtes gemaak word nie, sou die spanning nie langer weerstaan kon word nie. Die eer van God sou dan voor die oë van die heidene in die stof vertrap word. En die uiteinde is dat die heidene uit die geledere van God se volk aanleiding sou kry om die Here bespotlik te maak. Geliefdes, ons ken mos ook hierdie praatjies. Dink maar net aan die kere wat jy iemand gehoor sê het: As dit is hoe 'n Christen maak, wil ek nooit 'n Christen wees nie. Daardie mens sou nooit so iets gesê het as die Christen hom nie daartoe aanleiding gegee het nie.

Die drie dinge waarvoor sekere mense gekla het, is:

- armoede – ons seuns en dogters het nie kos nie;
- hongersnood – ons moet ons besittings verpand om kos in die hande te kry; en
- slawerny – ons moet ons kinders as slawe verkoop sodat ons die koning se belasting kan betaal en kos kan koop.

Ja, natuurlik het die omstandighede buite Jerusalem se mure iets te doen met hierdie klagtes. As gevolg van Sanballat en sy makkers is alle buitelandse handel nadelig geraak. Sanballat sou sekerlik 'n hand daarin gehad het dat die handelsverkeer uit die noorde na Jerusalem toe nie so gemaklik kon plaasvind nie. Hy het hom mos deur die Satan laat aanhits om soos 'n terroris teen Jerusalem te kere te gaan. Naas Sanballat se optrede het die werk aan die muur ook verhoed dat die boere hulle landerye effektief kon bewerk. Die min werk in die landerye het in 'n mate bygedra tot die hongersnood wat in Jerusalem gewoed het. En daarby was daar nog die belasting wat aan die koning betaal moes word vir die landerye en wingerde, want Judea was 'n provinsie in die Persiese ryk.

Maar die eintlike oorsaak van hierdie klagtes was binne die mure van Jerusalem self. Die vooraanstaande burgers en ampsdraers het die nood en die ellende van hulle volksgenote uitgebuit. Die vooraanstaande burgers en ampsdraers het dit goed gehad aan kos en geld. En hulle het hulle volksgenote graag met kos en geld gehelp, maar teen 'n prys. Die arm

mense moes hulle lande, wingerde en huise aan die geldskieters verpand om kos in die hande te kry. Sommiges moes selfs hulle kinders aan die vooraanstaande burgers as slawe verkoop sodat hulle geld kon hê vir die belasting en kos.

Die vooraanstaande burgers en ampsdraers het inderdaad binne die reg opgetree. In die wette van Moses is daar bepaal dat jy jou volksgenoot se eiendom as pand kan neem wanneer jy hom help met kos of geld (Lev 25:35-36). 'n Arm Israeliet kon homself volgens die reg as slaaf gee as hy nie sy skuld kan betaal nie (Lev 25:39). Maar in hierdie omstandighede waarin almal in Jerusalem aan dieselfde kant van die draad staan en saam onder die druk van buite af verkeer, is dit onbillik dat een deel van die volk swaarder moet trek as die res. Die vooraanstaande mense het die reg gebruik, eintlik misbruik en verdraai, om mag oor hulle eie volksgenote te verkry, en in hulle oë is die mag nou die reg. Hulle het die reg verdraai, want geld moes na regte rentevry aan volksgenote geleen word en kos moes teen kosprys verskaf word.

Maar nou is die reg verdraai en het dit onreg geword. Dit is onreg wat soveel spanning meebring dat dit dreig om al wat goed is te verskeur. Maar nog erger, hierdie onreg is die resultaat daarvan dat die vooraanstaande mense die Here en sy wet verlaat het. Godsdien is nie iets wat jy net in die erediens of in jou binnekamer doen nie. Jou verhouding met die Here is nie iets wat maar net so nou en dan na die oppervlak van jou lewe dryf nie. As ons so ons diens aan die Here wil bedryf, is ons besig met kammagodsdiens. Ons is besig om onself te flous en ons probeer ander mense met ons godsdiens bluff. Die Here word nie hiermee gebluf nie.

Ware godsdiens – 'n hegte en persoonlike verhouding met die Here – kom nie net so nou en dan na die oppervlak in 'n mens se lewe nie. Ware godsdiens bepaal die koers van 'n mens se hele lewe. 'n Hegte en persoonlike verhouding met God beïnvloed jou optrede teenoor alle ander mense, selfs al is hulle arm en in die ellende. 'n Persoonlike verhouding met die Here gaan maak dat jy nie die Here se reg misbruik tot jou eie voordeel nie. Dit is wat hierdie vooraanstaande burgers gedoen het. Hulle het die reg wat die Here gegee het misbruik om die armoede van hulle volksgenote uit te buit. En dit het gebeur omdat hulle oneerlik is in hulle diens aan God en nie van harte eerbied vir Hom het nie. As jy iemand nie respekteer nie, sal jy ook nie maklik doen wat hy jou beveel nie, of jy sal allerhande draaitjies maak om voor te gee dat jy hom gehoorsaam.

Broers, susters en kinders, die Here word nie gebluf met voorgeegodsdiens nie. Hy sien dwarsdeur ons. Hy het dwarsdeur die Jode en dwarsdeur Nehemia ook gesien. Die Heilige Gees het Nehemia se oë oopgemaak om te sien wat werklik die oorsaak is vir hierdie klagtes en beskuldigings. En toe hy die werklike oorsake sien, was hy hewig ontsteld. Jode wat ander Jode uitbuit net om hulleself te bevoordeel, is 'n uiterste skande. En daar het skaamte saam met die ontsteltenis gekom. Nehemia het ook aan die mense geld en koring geleen. En hy weet omdat hy, wat die goewerneur is, vir mense geld en koring geleen het, het dit daartoe bygedra dat die vooraanstaande mense die kans aangegryp het om onreg te doen.

Al het Nehemia nie die arm mense uitgebuit nie, so getuig hyself met God as getuie, weet hy dat sy leen aan die armes vir die ryker mense die deur oopgemaak het om die reg so te verdraai dat dit onreg geword het. Die enigste effektiewe manier om hierdie onreg stop te sit was om daadwerklik op te tree.

Nehemia het 'n vergadering vir die hele volk byeengeroep. Op hierdie vergadering maak Nehemia dit duidelik dat hulle – die volk van God – nou net soos die heidene begin maak.

Die heidene het vroeër slawe van die Jode gemaak. En nou is die Jode self besig om van hulle eie volksgenote slawe te maak om hulleself te verryk uit die armoede en ellende van die volksgenote. Watter verskil is daar dan nou tussen Israel en die heidene? Daar is nie 'n verskil nie.

En omdat daar nie 'n duidelike verskil tussen Israel en die heidene is nie, gee dit aanleiding daartoe dat die heidene nog rede het om met Israel en die Here te spot. Vir Israel as die volk van die Here is bekering die enigste werkbare oplossing. Daarom roep Nehemia die volk op tot bekering. Dien God met eerbied. Die Here het immers sy volk weer veilig in die beloofde land teruggebring. Nog die hele tyd hou God sy goeie hand oor hulle sodat hulle met die bou van die muur kan voortgaan. Die Here is waarlik goed vir Israel, en daarom moet hulle Hom met eerbied en respek en ontsag dien.

Om die Here met eerbied te dien beteken dat hierdie bekering nou gevestig moet raak in die lewens van elkeen wat onreg gedoen het. En wanneer die bekering gevestig raak, vorm dit die grondslag van elkeen se lewe. Nehemia het nie gesê hulle moet die uitbuiting staak nie. Hy sluit homself by hierdie bekering in:

Laat ons tog die uitbuiting staak. (Nehemia 5:10 AFR83)

Om die Here met eerbied te dien beteken dat jy in alle opregtheid teenoor jou naaste sal optree. As jy nie opreg teenoor jou naaste is nie, is jy ook nie opreg teenoor God nie, want jy dien Hom nie met ontsag in jou verhouding met jou naaste nie. Daar moet opgehou word met die doen van die verkeerde dinge.

Broers, susters en kinders, bekering wat regtig deel word van 'n mens se lewe, is nie iets wat eers môre of oormôre gedoen word nie. 'n Mens kan nie uitstel om jou te bekeer nie. Niemand van ons weet of ons môre of oormôre gaan sien nie. Bekering wat bedoel word, word vandag nog gedoen.

Wanneer bekering gevestig raak in 'n mens se lewe beteken dit nie net om op te hou met die doen van die verkeerde dinge nie. Bekering wat voluit gedoen word, is om in die plek van die verkeerde dinge die regte dinge te doen. Vir die Jode wat onreg gedoen het, was die teruggee van die besittings wat in pand was en 'n gedeeltelike afskrywing van die skuld die regte ding om te doen en om die slawe vry te stel. Vir die vooraanstaande burgers was dit 'n swaar slag. Hierdie bekering waartoe hulle opgeroep is, het aan hulle sak gevat. Maar egte bekering is mos nie goedkoop nie. Egte bekering is nie maar net leë beloftes nie; egte bekering word sigbaar in opregte dade waaraan ander mense en jy kan sien dat jy jou bekeer.

Ons lewe in 'n tyd waarin mense hulle nie meer wil laat voorskryf nie. Mense wil nie meer hoor dat hulle dit of dat moet doen nie. Maar hoor wat gebeur wanneer mense hulleself onder die gesag van die Heilige Gees neerbuig en opreg word in hulle diens aan die Here. Al die vooraanstaande burgers het gesê:

Ons sal dit teruggee en niks meer van hulle eis nie. Ons sal maak soos u gesê het. (Nehemia 5:12 AFR83)

Hierdie vooraanstaande mense het deur middel van die lig van die Heilige Gees gesien en geweet dat hulle besig is om die eer van die Here te vertrap. Daarom het hulle nie eers gehuiwer om 'n eed af te lê dat hulle hulle woord sou hou nie. Hulle het gemaak soos wat Saggeus gemaak het toe Jesus Christus Homself in Saggeus se lewe gevestig het. Daar was blydschap in sy hart en hy het teruggegee wat hy onregverdig in die hande gekry het (Luk 19:8).

Dit is opmerklik dat wanneer die vooraanstaande mense die eed aflê, hulle dit in die teenwoordigheid van die priesters doen. Die priesters moet toesien dat die bekering wel plaasvind, want daarvoor is hulle deur God aangestel. As die ouderlinge van ons Here Jesus huisbesoek doen en toesig hou oor ons bekering, doen hulle dit omdat die Here hulle daarvoor aangestel het. Maar dit is nie toesig hou uit die hoogte nie. Nehemia het self sy eie sakke ook uitgeskud. Ook hy en die ouderlinge in hierdie kerk wat toesig hou is sondaars wat hulleself aan die Here moet onderwerp. Daarom is die toesig van die ouderlinge en die vergadering wat eerskomende Woensdag plaasvind toesig wat in diepe nederigheid voor die Here gedoen word. Mag God ons deur sy Gees daaraan hou om ons opdrag getrou uit te voer tot eer van God se Naam en tot die behoud van elke verlore sondaar.

Geliefde broer, suster en kind, waar staan ek en jy vanoggend voor die aangesig van ons Here? Ons doen seker nie dieselfde onreg as wat hierdie vooraanstaande burgers van Jerusalem destyds gedoen het nie. Maar die beginsel wat die Here aan ons bekend maak bly vir ons in die een-en-twintigste eeu net so geldig as wat dit vir daardie mense was. Enige sonde wat ons doen, doen ons omdat ons die Here en sy wet verlaat het. Ons bely dat ons in die Here glo en dat ons deur die bloed van Christus aan God behoort. Ons roem daarop dat die Heilige Gees in ons woon en werk. Ons sing selfs dat ons die Here liefhet.

Maar kyk nou net wat veroorsaak daardie verkeerde dinge wat ons somer so van nature doen. Dit maak dat ons nie opreg is in ons diens aan die Here. Ons gee eintlik voor dat ons die Here liefhet, terwyl ons in die tussentyd, bewustelik of onbewustelik, soms ons verhouding met die Here vergeet. Ons maak asof ons verhouding met die Here dan niks met ons woorde, gedagtes en dade te doen het nie. Daarom gebeur dit dat ons kan bid: ons hemelse Vader, laat u Naam geheilig word, maar intussen doen en sê ons dinge wat glad nie die Here se Naam heilig nie. Ons lewe in onvrede met mekaar en ons sê ons is kinders van God. Vir wie is ons besig om te bluff? Net onself. En as ons nie opreg is teenoor die Here nie, beteken dit dat ons op daardie oomblik nie ontsag vir Hom het nie, want ons wil Hom dan nie gehoorsaam nie. Ja, ons maak onself wys dat ons gehoorsaam is aan die Here, maar diep in ons hart weet ons dit is nie regtig waar nie. Ons weet dit omdat die Heilige Gees ons vanoggend in die gewete prikkel.

Jesus Christus het Homself verneder toe Hy na hierdie wêreld gekom het. Hy het gekom om Homself ook in my en in jou lewe te kom vestig. Ons weet en vertrou dat Hy ons ook van ons sondes verlos het. Laat ons dan nou doen wat mense doen wat weet dat Christus hulle Verlosser is. Kom ons bekeer ons vandag. Laat ons nie nog langer uitstel nie. Mag die Heilige Gees ons so beheers in die bekering dat ons sal ophou met die verkeerde dinge, wegvlug van die sonde af en regmaak wat verkeerd is. As ons dit nie doen nie, is die bekering nie deel van ons lewens nie. Maar as ons dit doen, as ons vandag gehoorsaam buig onder die gesag van ons Here Jesus, is daar vir ons blydschap waarin die Heilige Gees ons sal laat deel. Laat ons die Here met eerbied en eerlikheid dien, want sonder dat ons dit weet, gebruik die Here ons met ons hele lewe om vir ander mense te preek. Miskien is jou regmaak van die verkeerde dinge vandag net die woord wat die Here tot 'n ander een gaan spreek om hom of haar in die koninkryk van God in te bring. Dink net aan die blydschap wat daar in jou hart – maar ook in die hemel – sal wees as nog een verlore mens vir Jesus Christus as sy Verlosser aanneem.

Amen!

Slotgebed

Psalm 130:1, 2, 4 (p. 635)

- 1 Uit dieptes, gans verlore, / van redding ver vandaan,
waar hoop se laaste spore / in wanhoop my vergaan;
uit diep van donker nagte / roep ek, o HERE, hoor,
en laat my jammerklagte / tog opklim in u oor!
- 2 As U, o HEER, die sonde / na reg wou gadeslaan,
wie sou een enk'le stonde / voor U, o HEER, bestaan?
Maar nee, daar is vergewing / altyd by U gewees;
daarom word U met bewing / reg kinderlik gevrees.
- 4 Hoop, Isr'el in jou klagte; / vertrou, o volk, wat treur;
sy guns verduur die nagte, / sy heil breek eind'lik deur.
Dan skyn 'n soete vrede: / gans Israel word vry
van ongeregthede. / HEER, doen ook so aan my!

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
11 Mei 2014